

GEBEDSRIGLYNE – WOENSDAG 14 NOVEMBER 2007

*Weereens baie dankie dat ons kan staat maak op jul gebede. Jy sal sien dat baie van die gebedsversoeke dieselfde bly – ons bly deurlopend bid vir bepaalde sake. Onthou asb. ook om enige terugvoer per SMS vir my te stuur by **083 400 1556**.*

*Daar is steeds 'n **gebedslokaal** beskikbaar is te Willows (Rondawel 6). Persone vanuit die Nelson Mandela Metropool is welkom om enige tyd daar te gaan bid.*

*Die tekste waarop ons Woensdag fokus, is **Psalm 1:1-3, Psalm 16:5-11 en Klaagliedere 3:21-24**. Jy kan gerus saam met ons daarna kyk.*

Laat U Naam geheilig word

Spandeer 'n paar minute aan gebed vir die heiliging van God se Naam in en deur die Sinodesitting en die Sinode. Bid dat God se Naam geheilig sal word in die styl en inhoud van die gesprekke, asook deur die besluite wat geneem word.

Laat U koninkryk kom

- † Bid dat die besluite en die Sinode se werksaamhede sal bydra tot die uitbrei en koms van God se koninkryk.
- † Bid vir wysheid vir al die persone wat as groepleiers gaan optree.
- † Bid vir 'n fyn oor vir die Luisterspan, dat hulle sensitief sal wees vir wat by die vergadering gebeur.
- † Bid vir ds. Jaco Putter, wat as pastor optree tydens die sinodesitting. Bid vir die Here se seën op alle gesprekke wat hy voer.
- † Bid vir die Liturgiespan. Bid dat hulle sensitief sal wees vir die Here se stem en die vergadering sal begelei om in aanbidding te bly.
- † Die doel van ons vergadering is om te onderskei wat God se wil / roeping is vir die bediening van die NG Kerk in Oos-Kaapland vir die volgende vier jaar. Bid dat ons hierin duidelik die Here se stem sal hoor.

- ✠ Woensdag gesels ons spesifiek oor *Begeleiding*: Predikante, Gemeentes (o.a. oor klein gemeentes, bedieningstyle en lidmaatbemaatiging) en Ringe. Ons gaan ook gesels oor *Strategiese Bestuur*, waaronder Finansies. Bid vir die Here se leiding vir al hierdie sake.
- ✠ Die Ringe konstitueer ook Woensdag. Bid ook vir hul vergaderings, dat hulle die Here se wil sal onderskei in hul besluitneming.
- ✠ TERUGVOER DINSDAG:
 - Ons het besoekers vanuit die gelede van die Suid-Afrikaanse Polisie diens gehad, wat hul nood en behoeftes met ons gedeel het. Bid asb vir die SAPD. Bid veral ook vir die kapelane, wat hopeloos te min is vir die geweldige taak wat hulle opgelê is om persone in die polisie diens geestelik en pastoraal te begelei.
 - In ons gesprek rondom grondhervorming het ons besluit om spesifiek voorbidding te doen vir die boerderygemeenskap en die regering. Kom ons voeg die woord by die daad en bid vir hulle!

Laat U wil geskied

- ✠ Bid vir wysheid vir elke afgevaardigde. Bid dat ons sensitief sal wees vir die leiding van die Gees en werklik God se wil sal onderskei.
- ✠ Bid dat God se wil sal geskied in alles wat gedoen word en elke besluit wat geneem word.
- ✠ Bid dat die Woord 'n sentrale rol sal speel in al ons besluitnemings en dat ons werlik in onself sal sterf.

Gee ons vandag ons daaglikse brood

- ✠ Ek interpreteer die “daaglikse brood” effens wyd en vra vir voorbidding vir spesifieke persone uit ons sinodale gebied:
 - Ds Frans Stapelberg is kritiek siek. Bid vir hom en sy familie.
 - Ds Steven Sass van Gamtoosvalle-Oos sterk aan na 'n operasie.
 - Ds Manie Crause se dogter Marlein is baie siek.

Vergeef ons ons oortredinge

Bid vir vergifnis waar ons moontlik ongehoorsaam was aan God. Moenie te vinnig hieroor gaan nie, wag op God om aan jou duidelik te maak of daar iets is wat jy dalk moet bely.

Laat ons nie in die versoeking kom nie

Bid spesifiek dat God ons sal waaksaam maak teen enige vorm van versoeking. Bid ook vir verlossing van die houvas en verblinding van die Bose.

Aan u behoort die koninkryk, die krag en die heerlikheid.

Spandeer die tyd om net God se grootheid te erken, om te loof en te prys vir wie Hy is.

Nogmaals baie dankie!

Met seënwense

Rethie van Niekerk